COVID-19 Inperking:
Implikasies vir vervoer in die landbou

Oorsig

Geselekteerde woordomskrywings met betrekking tot die landbou

Vervoeroorsig: Aspekte relevant tot die landbou
- Oorgrens padvervoer
- Maritiem sektor
- Lugvaart
- Dienste verrig deur entiteite van die departement van vervoer
- Vervoer per abnormale voertuie: Stropers, ens.

Vervoer van personeel (Bakkies & vragmotors)
- Vóór-inperking
- Gedurende inperking
- Voorstel vir inperkingstydperk
- Addisionele regulasies – private voertuie

Geselekteerde woordomskrywings met betrekking tot die landbou

Watter goedere is noodsaaklik?[1]:

1. Voedsel

(i) Enige voedselproduk, insluitend nie-alkoholiese drinkgoed;
(ii) Dierevoer; en
(iii) Chemikalieë, verpakkings- en aanvullende produkte wat gebruik word in die vervaardiging/produksie van enige voedselproduk.

Watter dienste is noodsaaklik?[1]:

24. Produksie, vervaardiging, verskaffing, logistiek, vervoer, aflewering, kritieke instandhouding en herstel in verband met die voorsiening van noodsaaklike dienste, insluitend onderdele en toerusting;
25. Vervoerdienste vir persone wat noodsaaklike dienste en goedere lewer en pasiënte vervoer.

Byvoegings[2]

(e) 31. Oes- en bergingsaktiwiteite wat noodsaaklik is om bederwing van primêre landbou-goedere te verhoed

Bronne:
(1) South African Government, (2020). Frequently Asked Questions - Coronavirus Covid-19. Available online: https://www.gov.za/coronavirus/faq
(2) Government Gazette, (March 2020) . No. 43168 – Department of Co-operative Governance and Traditional Affairs. Available online: http://www.gpwonline.co.za/Gazettes/Gazettes/43168_26-3_COGTA.pdf

Vervoeroorsig: Aspekte relevant tot die landbou

- **Oorgrens padvervoer**
  "Oorgrens vragbeweging vir noodsaaklike goedere ná en vanaf buurlande sal voortgaan."

- **Maritiem**
  "Noodsaaklike skeepsvrag sal toegelaat word by ons agt hawens. Vragte vanaf hoë-risiko lande moet egter ontsmet word."

- **Lugvaart**
  "Slegs noodsaaklike vragte sal toegelaat word. Vragte vanaf hoë-risiko lande moet egter ontsmet word."

- **Dienste deur entiteite van die departement van vervoer:**
  "Voertuigtoetssentra en bestuurderslisensietoetssentra (DLTC's) sal gesluit wees. Indien jou bestuurderslisensie verval tydens die inperkingstydperk, sal dit geag word as steeds geldig tot tyd en met die einde van die inperkingstydperk, met 'n grasietydperk van 14 werksdae daarna, tensy anders bepaal word."

- **Vervoer per abnormale voertuie: Stropers, ens.**
  Let daarop dat die volgende nie uitdruklik in die regulasies voorkom nie maar gegrond is op samesprekings van die spesiale taakspan wat deur die minister en direkteur-generaal van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling aangestel is om bedryfsaangeleenthede in verband met COVID-19 aan te spreek.

Waar regeringsdienste gesluit is, bv. permitte vir abnormale voertuie, stel die minister voor dat ons permitte gebruik soos per die regulasies.

Agri SA sal met die taakspan en betrokke departement opvolg indien die voorgestelde benadering nie in die praktyk werk nie.

Bron: STATEMENT OF THE MINISTER OF TRANSPORT, FIKILE MBALULA, ON THE OCCASION OF UNPACKING LOCKDOWN IMPLICATIONS FOR TRANSPORT ON 25 MARCH 2020 AT 16h00

Kopiereg © 2020 Agri SA

COVID-19 Inperking:
Implikasies vir vervoer in die landbou

Vervoer van personeel (Bakkies & vragmotors)
Vóór-inperking

Regulasie 247 (gewysig)[3]

1) Geen persoon mag persone per goedere-voertuig vervoer nie tensy die gedeelte waarin sodanige persone vervoer word bedek is tot 'n hoogte van-

   a) ten minste 350 mm bó die oppervlakte waarop sodanige persoon sit; of

   b) ten minste 900 mm bó die oppervlakte waarop sodanige persoon staan,

   - op só 'n wyse en met 'n soort materiaal wat sterk genoeg is om te verhoed dat sodanige persoon nie van die bewegende voertuig afval nie.

2) Geen persoon mag meer as 5 persone in die **goedere gedeelte** van 'n goederevoertuig waarvan die brutovoertuigmassa minder as 3 500 km is, vervoer nie.

3) Die bepalings van hierdie regulasie sal **slegs van toepassing wees op iemand wat as werkgewer ander persone vervoer in hul hoedanigheid as werknemers van sodanige werkgewer.**

   Met dien verstande dat geen persoon vervoer mag word in die goedere kompartement tesame met enige gereedskap of goedere nie, met die uitsondering van hul persoonlike besittings, tensy daardie gedeelte waarin sodanige persone vervoer word fisies afgeskort is van die gedeelte waarin sodanige goedere vervoer word."

Bron:
(3) Government Gazette, (May 2015) . No. 38772 – Department of Transport.
Available online: http://www.gpwonline.co.za/Gazettes/Gazettes/38772_11-5_Transport.pdf

Vervoer van personeel (Bakkies & vragmotors)
Gedurende inperking

Tersaaklike regulasie[4]

Regulasie 11C van die Regulasies word hiermee gewysig deur dit te vervang met die volgende sub-regulasie:

1) Alle pendel-vervoerdienste, met inbegrip van passasierstreindienste, busdienste, taxi-dienste, elektroniese inroepdienste en maritieme en lugpassasiersvervoer, word verbied, met die uitsondering van bus-, taxi-, e-inroepdienste en privaat voertuie vir die doel om noodsaaklike dienste te lewer, noodsaaklike goedere en toegang tot mediese sorg te verkry, vir begrafnisdienste en vir die uitbetaling van toelae: Met dien verstande dat–

   a) busdienste, taxi-dienste en e-inroepdienste hoogstens 50% van die gelisensieerde voertuigkapasiteit mag benut; en

   b) privaat voertuie hoogstens 60% van die gelisensieerde kapasiteit mag benut, en dat daar voldoen word aan alle voorskrifte ten opsigte van onsmetting en die beperking van blootstelling van persone aan Covid-19.

Let daarop dat punt (b) van toepassing is op die landbou waar privaat voertuie (bakkies of vragmotors) gebruik word om personeel te vervoer (**NIE** vervoer teen betaling nie).

Gegrond op die verwysing na 60% van gelisensieerde kapasiteit, impliseer dit in die geval van bakkies en vragmotors 'n verwysing na die kajuit: 'n enkelkajuit sal waarskynlik slegs een persoon (die bestuurder) akkommodeer.

Bogenoemde verwys **TANS NIE** direk na die goedere kompartement soos gemeld in Regulasie 247 op die vorige bladsy nie.

Bron:
(4) Government Gazette, (March 2020) . No. 43168 – Department of Co-operative Governance and Traditional Affairs. Available online: http://www.gpwonline.co.za/Gazettes/Gazettes/43168_26-3_COGTA.pdf

Kopiereg © 2020 Agri SA

COVID-19 Inperking:
Implikasies vir vervoer in die landbou

Vervoer van personeel (Bakkies & vragmotors)
Voorstel vir inperkingstydperk

Hierdie is dus steeds 'n area van onsekerheid.

Agri SA het die regering versoek om die volgende toegewing te oorweeg:

- *Dat boere toegelaat word om plaaswerkers soos volg op bakkies te vervoer: werkers handhaaf 'n afstand van mekaar van ten minste een meter, waar vier mense onderskeidelik in die vier hoeke van die bakkie se goedere kompartement sit, terwyl hulle voldoen aan die huidige sanitêre vereistes vir vervoer.*

- *Dat boere toegelaat word om plaaswerkers soos volg op vragmotors te vervoer: werkers handhaaf 'n afstand van ten minste een meter van mekaar waar hulle sit en waar die aantal persone sal afhang van die grootte van die vragmotor se goedere kompartement, terwyl hulle ook voldoen aan die huidige sanitêre vereistes vir vervoer.*

Nota: Bogenoemde is 'n uiteensetting van Agri SA se versoek aan die regering.

Dit kan gesien word as 'n moontlike oplossing of alternatief vir die gebruik van 'n busdiens maar is egter **NOG NIE** deel van die huidige regulasies nie.

Agri SA sal kommunikeer sodra die regering enige toegewing bevestig het wat die voorstelle in die praktyk in werking sal stel.

Tesame met bogenoemde, moet al die nodige voorsorgreëls vir goeie higiëne en ontsmettingsbeheer vir die vervoer van personeel getref word, d.w.s gereelde voorsiening van genoegsame ontsmettingsmiddels of ander higiëniese middels vir die was van hande en ontsmettingstoerusting vir werkers.

Vervoer van personeel (Bakkies & vragmotors)
Addisionele regulasies – privaat voertuie

Die Minister van Vervoer het op 31 Maart 2020 gewysigde vervoer regulasies uitgevaardig. Sodanige regulasies is gemik op openbare vervoer.

- Hoewel die regulasies **hoofsaaklik handel met openbare vervoer bevat dit een verwysing na private voertuie.**

- Dit verwys slegs na bedryfstye en maak voorsiening vir noodsaaklike besighede om hul eie ure te bepaal vir vervoer in lyn met hul skofte of werkskedules.

- **Die regulasies vereis dat hierdie skedules op skrif gestel word en gestempel en onderteken word deur die persoon in beheer.**

- Agri SA stel voor dat waar 'n stempel nie beskikbaar is nie, sodanige skedules die maatskappy of besigheid se logo reflekteer en dat dit beskikbaar sal wees in die voertuie wat werkers vervoer.

Vrywaring

Alles moontlik is gedoen om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker. Agri SA aanvaar egter geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely word as gevolg van die gebruik van hierdie inligting nie.

6 April 2020

Kopiereg © 2020 Agri SA

Merkers kan gebruik word om aan te dui hoe ver die werkers van mekaar af moet sit.

Foto: Jannie Strydom

Kopiereg © 2020 Agri SA